2017 se topboere vereer

Boere en belanghebbendes in die landbou is vanjaar vir hul prestasies vereer. Boere van Limpopo, Mpumalanga, Noordwes en die Noord-Kaap het uitsonderlik gepresteer.

TLU SA-JONGBOERE VAN DIE JAAR

Die broers mnre. Izak en Hannes Roux is saam as TLU SA, Old Mutual Insure Agri, Manitou en Mahindra se Jongboer van die Jaar aangewys. Hulle boer naby Chrissiesmeer in Mpumalanga. Van links is mnre. Paul du Plessis van Old Mutual Insure Agri, Johan van der Westhuizen van Manitou, me. Bonita en mnr. Izak Roux, me. Sorika en mnr. Hannes Roux, mnre. Burger Nortjé van Mahindra en Derick Kuun, voorsitter van die jongboerkomitee. FOTO: CARIEN KRUGER

AARTAPPELBOER VAN DIE JAAR

Mnr. Nico Wagner van die Wilnick-boerdery naby Tolwe in Limpopo is aangewys as die Syngenta Aartappelboer van die Jaar. Wagner verbou elke jaar van Julie tot Desember aartappels op 230 ha besproeide grond. Hy verbou ook suikermielies en kool. Die boerdery het ook 'n kommersiële kruisteel-speenkalfboerdery wat uit die Charolais- en Boran-stoetery op die plaas geteel word. 'n Wildboerdery is ook deel van Wilnick. By Nico is sy vrou, Hanlie. FOTO: JOHAN VAN DER MERWE

DROËBOONBOERE PRESTEER

Mnr. Johan Grobler van Ermelo is op die Droëboneprodusente-organisasie se tweejaarlikse kongres op Bela-Bela aangewys as Droëboonprodusent van die Jaar. By hom is sy vrou, Sharné (regs), en me. Linda van der Merwe, hoof van kliëntebemarking by Syngenta. Op dieselfde geleentheid is mnr. Fritz Marx van Ohrigstad as die Droëboonsaadkweker van die Jaar aangewys. Dr. Deidré Fourie van die Landbounavorsingsraad op Potchefstroom is vir haar toegewyde bydrae tot die navorsingsuksesse van die droëbonebedryf vereer. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

MOERKWEKER VAN DIE JAAR

Mnr. JP van den Berg van die plaas Buttermere by Tosca in Noordwes is vanjaar die derde keer as Moerkweker van die Jaar aangewys. Hy was in 2014 en 2016 ook die wenner en in 2015 'n finalis. JP vermeerder sedert 2011 aartappelmoere uitsluitlik vir Wesgrow. Die aanplant van gesertifiseerde moere, met die gepaardgaande inligting, stel hom in staat om ingeligte bestuurspraktyke vroegtydig toe te pas om moere van goeie gehalte te sertifiseer. By JP is sy vrou, Linné.
FOTO: GERRIT BEZUIDENTHOUT

GARSBOER VAN DIE JAAR

Mnr. Johan Jacobs van die Swarthaak-boerdery by Douglas in die Noord-Kaap is as AB InBev/SAB se Kommersiële Besproeiingsgarsboer van die Jaar aangewys. Sy seun Michael het die eerbewys namens hom ontvang. Van links is mnre. Josh Hammann, direkteur van landbou-ontwikkeling in Afrika by AB InBev, Jacobs en Gawie Kotzé, landboudienste-bestuurder van besproeiing by SAB. FOTO'S: MARLEEN SMITH

REGS: Mnr. Victor Smous (regs) van Taung is die tweede keer as SAB se Opkomende Besproeiingsboer van die Jaar aangewys. By hom is mnr. Frikkie Lubbe, landboudienstebestuurder vir Suid-Afrika by SAB.